



'n Party  
vrees  
volks-  
eenheid  
omdat  
die volk  
dan sal  
regeer  
en nie  
hy nie.



Die



Die O.B.  
begeer  
volks-  
eenheid  
sodat  
die volk  
kan regeer  
en nie  
'n party  
nie.

EERSTE JAARGANG.

WOENSDAG, 30 SEPTEMBER 1942.

No. 47.

## „Volk is Groter as die Parlement en Konstitusie” — Dr. Van Rensburg

### Meer as 10,000 Luister na Leiers in Pretoria

„Die volk is groter as sy parlementêre verteenwoordigers. Die parlement en die konstitusie en al die ander dinge is maar middele. Die doel is en bly die volk self,” het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg op 19 September te Klipkoppies, Pretoria, voor 'n reuse-skare van meer as tienduizend juigendes verklaar met verwysing na die taak van die Ossewabrandwag. Die sprekers is by Irene deur 'n stoet van 200 motors ingewag en deur die stad geleide gedoen. Die vergadering is met driedaagse kernisgewing belê.

Op 'n onlangse partykongres is die gebruiklike uitskelling van mede-Republikeine in die Ossewabrandwag voortgesit. Ons het almal gehoop dat die strewe na Eenheid sterker sou wees as leier-ambisies, en veral onderleier-ambisies, maar die feite was anders, het die K.G. gesê en as volg verwys na die jongste poging tot samewerking:

Daar het 'n nuwe mislukte poging in die strewe van Volkseenheid 'n dag of twee gelede plaasgevind. Goeie en welmenende Afrikanerkragte het getrag om die leiers van die Afrikaanse en republikeinse organisasies bymekaar te kry. Herhaaldelik hoor mens dat „dit net die leiers is wat die volk uitmekaar hou. Laat hulle bymekaar kom en die sake sal regkom”. Of dit nou juis is of nie, weet ons nou almal dat tydens die Uniale kongres van die H.N.P. enige dae gelede 'n uitnodiging uitgegaan het aan mnr. Havenga, mnr. Pirow, dr. Malan en myself om mekaar in 'n komitee te ontmoet. Die ontmoeting was gereël in dieselfde gebou as die kongres, vermoedelik weens die gerief van dr. Malan. Al vier die uitgenodigdes het die uitnodiging aanvaar. Drie het ook in die komitee opgedaag, nl. die here Havenga, Pirow en ek. Maar dr. Malan het, nes destyds by die Eenheidskomitee, ter elfder ure geweier om sy verskyning te maak.

Die welmenende vriende, goeie Afrikaners, wat die saak ingelei het en ons genooi het, moes derhalwe vernederd uitmekaar gaan. Hulle het my simpatie.

Nog 'n prageksemplaar van „hereniging”. Maar ek is, dankbaar dat di Ossewabrandwag kan voel dat hy vir die soveelste keer sy bereidwilligheid betoon het om selfs verneder te word as dit enigsins die strewe na volkseenheid kon bevorder.

Op die kongres is die een aantygung na die ander teen die Ossewabrandwag geslinger; ons sou 'n geheime sender met regeringstoestemming gebruik om met Duitsland te skakel, ons sou daarop uit wees om die naakste nasionaal-sosialisme te preë, ons sou die besondere beskerming van generaal Smuts geniet, veral in die jongste tyd. En ons sonde-register sou on-eindig wees.

Ek wil net twee van hierdie ietwat dulle bewerings behandel, en dit maar kortliks:— Eerstens dat ons met gelyke voorliefde en guns sowel deur die nasionaal-sosialistiese Duitsland as die anti-nasionaal-sosialistiese Empire behandel word. Soseer dat ons nie net die „naak-

ste” nasionaal-sosialisme verkondig nie, maar selfs generaal Smuts se senders mag gebruik. Ek wil hier met nadruk sê dat dit die naakste onsin is wat sedert die dae van Halley se komeet deur enige vermoedelik verantwoordelike leier in Pretoria van 'n verhoog af verkondig is.

Tweedens, dat generaal Smuts ons nou beskerm. Sedert my laaste vergadering in Pretoria is A.K.G. De Jager van die Vrystaat geïnterneer. Lyk dit na beskerming? Ook A.K.G. Nel van Natal. Lyk dit na beskerming? Ook generaal Van der Westhuysen van Johannesburg, en generaal Crots en generaal Theron van Belfast? Lyk dit na beskerming? En hoofkomdt. ds. D. C. S. van der Merwe van Petrusburg en generaal Hansen van Standerton en talle andere offisiere. Is dit beskerming? Tog het dr. Malan 'n verbaasde kongres vertel dat ons spesiale beskerming van die Regering geniet. As dit beskerming is dan beskou hy seker die lotgevalle van sy partypolitici as vervolging. Van sy Federale Raad en Hoofbestuur is hoeveel mense vervolgt? Presies nul. Vir veiligheid van hul persone staan hulle nie agter vir die Jewish Board of Deputies nie. Van laasgenoemde is ook presies nul „beskerm”. Die kampe en die tronke bly die spesiale reservaat van die Ossewabrandwag. Hoekom? Omdat generaal Smuts sy vyande ken as hy hulle sien. En hy weet dat 'n klomp volksverskeurende demokrate nie sy vyande is nie—hulle is sy bondgenote. Omdat die wêreldstryd nie uitgespook word op die basis van H.N.P. versus Verenigde Party nie. Die stryd gaan oor die nuwe volke ontwaking teen die kapitalistiese demokrasie—parlementêre staat versus die nasionale gesagstaat, en nie sy Majesteit se Regering teen sy Majesteit se Opposisie nie.

Daarom besef die handlanger-regering van die Empire dat sy doodsvyand nie een of ander demokratiese party is nie maar wel daardie lotsgemeenskap van anti-demokratiese Afrikaners wat 'n eed gesweer het om te stry en te ly binne die gelede van die Ossewabrandwag.

Daarom sit ons kamerade by die honderde in die tronke en kampe van die Empire. Waar werklike offers gebring moes word, is hulle feitlik sonder uitsondering gebring deur u, deur die Ossewabrandwag. En ons bring die offers sekerlik nie vir 'n party van gister en eergister nie. Ook nie net vir ons eie Beweging nie. Ons bring dit vir die hele Afrikanerdom van môre en cormôre, vir die Christelik-nasionale Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.

En geen intimidasie van syde die Regering, ewemin as skeldwoorde soos „rampokkers” of „Duitse Sappe” van syde volksverdelende beroepspolitici gaan ons van die ingeslane weg laat afsien nie.

NA-AAP

Laat my ook die oppervlakkige politieke kreet noem dat ons Duitsland na-aap. Ons weet almal dat ons aan die einde van 'n wêreld-epog staan, aan die einde van die parlementêre demokrasie met sy bese gees wat hom besete hou, die kapitalisme. Oral het die nuwe tyd-gees, die nuwe nasionale ontwaking, sy kettings begin afgooi. In Duitsland, in Italië, nou Frankryk—dwars oor Europa ontwaak die volkere tot die gees van „Volksbelang voor Liefbelang” en die besef dat die volk iets groter en meer blywends is as die enkele volks-genote. In elke volk wek die nuwe gees die sluimerende kragte; en in elke volk neem die ontwaking sy eie nasionale vorm en sy eie simbole aan. In Italië die Fascismo met die oersimbool die „fasces”. In Duitsland die Nasionaal-sosialisme met die oersimbool die Hakenkruis, en in Suid-Afrika die Ossewabrandwag met die oersimbool die Ossewa. En die feit dat een volk later wakker geword het as die ander een beteken nie dat hy die ander een na-aap nie.

Laat my 'n beeld uit die lewe gebruik, want

(Vervolg op bls. 2)



## DIE VOLK IS GROTER AS DIE PARLEMENT

(Vervolg van bls. 1)

organiese groei kan mens bes deur beelde ver-aanskoulik. Die lente kom nou deur die land en oral wek dit sluimerende kragte en lewe in die bome. En as u in u tuin gaan en sien 'n perskeboom sit sy bloeisels uit onder die lente se werking dan vind u dit mooi en natuurlik. En as u 'n paar dae later 'n appelboom sien bloei dan weet u dat dieselfde lente ook die appelboom verklik het. Maar u sê nie dat die appelboom vir die perskeboom nageaap het nie. Hulle het wel dieselfde lenteges gemeenskaplik maar elkeen het sy eie organiese lewe afsonderlik en die appelbloeisels sal nie perskes dra nie. Hulle sal appels wees. En die Christelik-nasionale Gesagstaat sal nie vreemdelinge dra nie; hy sal goeie Afrikaners dra — nasionaal en sosiaal van lewensopvatting.

Nee, in die Ossewabrandwag, die soldate van die Republiek, vind mens ten spyte van die felste teenkating van buite die organiese besef dat die geheel groter is as die deel; dat volksbelang swaarder weeg as eiebelang. Vandaar die bereidwilligheid van die enkeling om te offer. Die bereidwilligheid van die volksgenoot om offerande te wees op die altaar van die volk. Niemand gaan kamp of tronk-toe uit eiebelang of eie-genot nie. Een en almal gaan hulle omdat hul glo in die regverdigheid van hul saak en in die eindoorwinning. En die Afrikanerdom weet om hulle en hul afhanklikes te respekteer en te eer — al noem beroepspolitici hulle „Duitse Sappe” of „rampokkers”.

Want ons weet en glo dat die swartlys van die Empire-regering die erelys van die Afrikanerdom is. En in daardie gees tree elke man en vrou in die Ossewabrandwag die lydingsweg aan.

Daarom kan generaal Smuts se Imperialiste ons maar mishandel in hul trônke of kampe. En sy hoofluitenants, kol. Reitz, kan maar dreig met „onderploeg” en met „diktatuur”-stories.

### ONTMASKER

Maar 'n baie meer betekenisvolle erkenning van die Adjunk-Eerste Minister is dié oor hul voorneme om die leisels te behou en die oorlog voort te sit tot die einde toe, verkiesing of geen verkiesing. Meer brutaal het die handlangers van die kapitalistiese Empire nog nooit gedreig nie. Kol. Reitz het ongevraagd die masker afgeruk.

Dit help nie om te sê: „Ag, dis maar weer Deney's” nie, of om te meen dat dit somaar kletspraatjies is nie. Kol. Reitz is ná generaal Smuts die eerste figuur in die kabinet. Hy praat met meer gesag as al die ander saam. En hy het openlik en ongevraagd gesê dat parlementêre meerderheid of nie, hulle gaan die oorlog voortsit. D.w.s. hulle gaan aan bewind bly, meerderheid of nie. Hulle kan dit dan natuurlik net met geweld doen, gesteun op die R.A.F. en ander uitlanders wat ons land vandag teister en dit kastig „beskerm”, vermoedelik „beskerm” teen die land se eie seuns, die Afrikanerdom.

Ons in die Ossewabrandwag is nie besonder

begaan oor die dreigement nie. Omdat ons lank al ons innerlik losgemaak het van die demokratiese illusies en dwaalligte. Ons weet dat die ware organisasieveld van 'n volk lê nie in die periodieke opswepings elke vyf jaar vir elekcie-doeleindes om na dit weer te verfloei, tesame met elekcie-beloftes nie, maar wel in die onafgebroke mobilisering van die volkskrag vir elke dag van elke jaar van die vyf jaar en daarvoor heen totdat die hele volk sy lotsgemeenskap en lotsbestemming voel en besef.

Ons veg nie vir setels nie maar vir die siel van die Afrikanerdom, want ons weet dat as die siel gewek en oortuig is sal die ander dinge vanself kom. En as die hele Afrikanervolk helder en brandend sy taak en sy roeping sien dan gaan geen Adjunk-Premier en geen parlementêre meerderhede of minderhede hom stuit nie. Ook geen dreigemente van geweld nie. As die Adjunk-Premier dreig dat met of sonder Parlementêre meerderheid hulle die oorlog tog sal voortsit, dan antwoord ons hom in sy eie

### K.G. SE REISPLAN

Vergaderings word deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, op die volgende plekke en datums toegesprek:

WINBURG, 7 Okt. by geleentheid van O.B.-funksie.

BEAUFORT-WES, 12 Okt. om 8 nm. in die stadsaal.

LADISMITH, 13 Okt. om 8 nm. in GROOTRIVIER, op die plaas van komdt. De Wit.

PAARL, 16 Okt. (Vrydag) om 8.30 nm. in die stadsaal.

taal: met of sonder parlementêre meerderheid, die Afrikanerdom wil die oorlog beëindig sien.

Want onthou tog asseblief hierdie vanselfsprekende waarheid: Die volk is groter as sy parlementêre verteenwoordigers. Die Parlement is maar 'n middel tot 'n doel — en nie eens die beste middel nie. Die Parlement en die konstitusie en al die dinge is maar middele. Die doel is en bly die Volk self. En die Ossewabrandwag werk en versterk die volk self — nie die volk se werktuie wat uitgedien is nie.

Daarom deins ons nie vir die Adjunk-Premier se dreigemente terug nie, want as die Ossewabrandwag sy selflose en lydingsvolle taak voltooit het, sal die Afrikanerdom nie afhanklik wees van verkiesingsgeknoui nie. En hoe meer selflose offerande op die volksaltaar, hoe helderder brand die lig wat die pad aanwys.

Ek herhaal die Ossewabrandwag ken net een aardse trou, nl. die Afrikanerdom. Ons sien net die Volksgenoot, die mede-Afrikaner. En ons weier om ons blind te tuur op sy partykaartjie, of sy ambag of die rooi-lus op sy skouers of wat ook al. Die hele organiese volk is 'n lotsgemeenskap, ryk of arm, militêr of burgerlik, platteland of stedeling, Ossewabrandwag of nie Ossewabrandwag.

En solank as 'n man of vrou of kind Afrikaans voel gaan ons nie ons poorte vir hom of

vir haar sluit nie. Ons taak is om die hele volk te mobiliseer en in daardie taak sal geen politici of parlement of Empire ons stuit nie — omdat hulle almal aan die verlede behoort. Maar die Afrikanerdom gaan na hierdie oorlog sy toekomst tegemoet. 'n Beter en meer volkswaardige toekomst in die Christelik-nasionale Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.

Genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, het verklaar dat van die demokratiese strydmiddels van die verlede nou niks meer oorgebly het nie. As 'n verkiesing onder die swaard gehou word en vooraf gesê word dat die uitslag daarvan niks sal verander nie, sou dit beter wees dat die Afrikaner nie daaraan deelneem nie. Die republikeinsgesinde Afrikanerdom buite en binne die party-verband sou syns insiens die volksaak beter dien deur hulle daarvan te onthou as verset teen die imperialistiese dwangbewind. Dit sou genl. Smuts in die belaglike posisie teenoor sy vriende buite en binne die Empire plaas wat hy verdien.

Genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, sowel as ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, het ook die vergadering toegesprek.

Genl. eerw. M. S. F. Grobler het opgetree as voorsitter.

## VOLKSKAS IS U EIE BANK!



Die Volk se Bank.

Fondse oorskry £2,000,000

Hoofkantoor:

Volkscas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA

Volkscas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

## DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl.

Morefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.



DIE  
KLEREMAKER  
EN  
UITRUSTER  
VAN  
KAAPSTAD



Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen

Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Weet U?

by

KOLONIEWINKELS  
Dames- en Mansuistrusters

wag u....

Geen Teleurstelling

net.....

WINSKOPIES !!

NOU GEOPEN

te

Burgstraat 57, Kaapstad

## Vriendskapsentrum Lower Steeds Meer Volksdiens

Die Vroue-vriendskapsentrum van Kaapstad is nog steeds besig om verder te ontplooi in nuwe vertakkinge van volksdiens. Waar dit as 'n onderdak vir besoekende O.B.-lede begin het, het dit geleidelik onder die belangelose leiding van genle. Du Toit ontwikkel tot 'n stadium waar dit vandag besig is om die middelpunt van die vroue-bedrywighede te word. Nie alleen het dit 'n plek van gesellige verkeer geword tussen vroue uit verskillende kommando's en 'n aangename rusplek vir besoekers uit afgeleë dele nie, maar dit lewer tans volksdiens van die grootste waarde. Die vriendskapsentrum kan beskou word as die voorloper van die stelsel van dienslaers. Hier word elke Dinsdag naaldwerk verrig en al geselsende en werkende word kostelike lesings oor vraagstukke van die dag gehou sonder dat die vroue deur 'n formele atmosfeer ontstem word. Op heel huislike wyse leer en werk hulle.

Die nuutste vordering is 'n biblioteek bestaande uit 120 voortrefflike boeke wat deur genle. Du Toit tot beskikking van die sentrum gestel is en wat behalwe werke in verskillende tale ook van die seldsaamste boeke bevat. Dit is boeke wat in die gees van ons tyd en geskiedenis uiters leersaam sal wees, ook vir naslaandoeleindes deur studente. Dit word vir tien dae uitgeleen teen 1d. stuk vir vroue en 3d. vir mans.

Ceres, Malmesbury, Paarl, Beaufort-Wes en Bloemfontein het ook reeds vriendskapsentrums opgerig vanwaar besieling uitgaan.

## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukurse. Laasgenoemde kurse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**B**ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodigdhede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

**Pro Ecclesia-Drukkery,**  
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.  
Die Laan, Stellenbosch.

## DIE VERSKIL

By geleentheid van 'n vergadering op Venterburg het adv. C. R. Swart, leier van die H.N.P. in die Vrystaat, sowat 'n week gelede die eis aan die O.B. gestel om nou beslis te verklaar hoe hy voorstel om die republiek te verkry, en dan kom sy lang betoog daarop neer dat die O.B. dit met geweld wil doen. Daarteenoor is die beleid van die H.N.P. as volg: „Die Nasionale Party-opposisie staan egter gerced as alternatiewe regering om die bestuur van die land oor te neem as die huidige bewind in duie stort, hetsy deur die stembus of deur die verloop van die oorlog.”

Na ons mening lê die verskil tussen die twee republikeinse liggamme opgesluit in hierdie paragraaf van adv. Swart se toespraak. Waar die H.N.P. gerced staan om die regering oor te neem, is die Ossewabrandwag besig om (in die woorde van sy eie beleidsverklaring) „die volk so voor te berei dat hy die nodige stukrag moet besit om enige geleentheid wat hom mag voordoen of wat hy deur sy voorbereiding self skep, aan te gryp om hom vry te maak.”

Die verskil lê dus hierin dat waar die Party WAG om die REGERING oor te neem, die Ossewabrandwag hom beywer om die VRYHEID te bring.

## VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN DAMES-ROKKE

besoek

*Steyns*

PAROW SE  
NUWE MODERNE SAAK



## 'N VOORBRAND PRODUK

TANS IN VIER

VERPAKKINGS:

GEEL — — — lig  
BLOU — — — middel  
ROOI — — — populêr  
GROEN — — — donkerpyp

Voorbrand  
Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.

Kommissarisstraat 200

JOHANNESBURG

## WAPENSKOU

Die pasverskene Septembernommer van Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaans-Nasionale Studentebond en die A.N.J., word uitsluitlik gewy aan die Volksbeweging. Die hydraes is o.a. „Die A.N.S. se plek in die Volksbeweging,” deur dr. J. F. J. van Rensburg, ere-president van die A.N.S., die Volksbeweging in die Paul Kruger-staat,” deur dr. A. J. H. van der Walt, „die Teenswoordige Wording van die Volksbeweging in S.A.,” deur prof. L. J. du Plessis, „Buitelandse State en Volksorganisasies,” deur D. G. Franzsen, „Die toekomstige Ordening van die Volksbeweging in S.A.,” deur dr. P. J. Meyer, en „'n Skoon Republiek en die Weg Daarheen,” deur dr. C. J. H. de Wet.

Diegene wat graag hierdie en toekomstige nommers van Wapenskou wil besit vir studie- en referensiedoeleindes, kan inteken by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld is 5/- per jaar.

## Schoemannelo-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| PER BOTTEL.<br>Wanneer u van<br>1 tot 5 bottels<br>neem in rekening-<br>de kassie van<br>12 bottels. | PER BOTTEL.<br>In bottels van<br>van 6 tot 12<br>bottels van een<br>soort te neem<br>in kassie van<br>12 bottels. | PER GELLING.<br>In 6-gelling<br>vaatjies of meer. |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------|
| <b>WYNE:</b>                                                                                         |                                                                                                                   |                                                   |
| Fonkelwyn                                                                                            | 5/-                                                                                                               | 5/-                                               |
| Lewenswyn                                                                                            | 3/6                                                                                                               | 3/6                                               |
| Vermouth                                                                                             | 2/6                                                                                                               | 2/6                                               |
| Hanekraai-Cocktail                                                                                   | 3/6                                                                                                               | 3/-                                               |
| Likeurwyn                                                                                            | 2/-                                                                                                               | 1/8                                               |
| Jeripigo, Rooi                                                                                       | 1/3                                                                                                               | 1/1                                               |
| Jeripigo, Wit                                                                                        | 1/3                                                                                                               | 1/1                                               |
| Soet Muskadel                                                                                        | 1/3                                                                                                               | 1/-                                               |
| Port                                                                                                 | 1/2                                                                                                               | 1/-                                               |
| Worcester Hock                                                                                       | 1/1                                                                                                               | 11d.                                              |
| Pontak                                                                                               | 1/1                                                                                                               | 11d.                                              |
| Spesiale Sjerrie                                                                                     | 11d.                                                                                                              | 10d.                                              |
| Sjerrie                                                                                              | 10d.                                                                                                              | 9d.                                               |

## BRANDEWYNE:

|                 |     |     |      |
|-----------------|-----|-----|------|
| Schoemannelo    | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C.            | 5/- | 4/3 | 24/- |

## JENEWER

|  |     |     |   |
|--|-----|-----|---|
|  | 6/- | 5/- | — |
|--|-----|-----|---|

## LIKEURS:

|                  |     |     |      |
|------------------|-----|-----|------|
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn   | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum      | 5/- | 4/3 | 24/- |

## JENEWER LIKEURS:

|                    |     |     |   |
|--------------------|-----|-----|---|
| Lemoen Jenewer     | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 8/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorraad van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sesdag dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 behoort. Indien goedkoper kassies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoopt in 12-bottel-kassies of 5-gellingvaatjies of groter. U kassie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142.

OUDTSHOORN.

## SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:


Gratis sleepdiens.  
Goedkoper motorverzekering, gratis regsadvies.  
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, loslehuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikaanbediening u inwag.  
Snelle afleweringdiens.  
Padverslae, Pad- en roetekaarte.  
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER,  
Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTUURDER,  
Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER,  
Bus 383, Bloemfontein.



DIE O.B., WOENSDAG, 30 SEPT. 1942.

## Terug na die Huis as Vrou en Moeder

Waar die liberalisme met sy losbandigheid in 'n doodsworsteling verkeer teen die nasionaal-organiese gedagte met sy begrip van eenheid en dissipline, is dit nie vreemd dat daar tans ook gevra word na die plek wat die vrou in die samelewing moet inneem nie. Aan die een kant staan die sogenaamde geëmansipeerde vrou met die sigaret en langbroek as simbole van haar soewereine status gelyk aan dié van die man, en daarteenoor het ons die Bybelse en geskiedkundige beeldjie van die vrou en moeder wat haar kragte wy aan haar huislike taak en wie se waarde „veel meer is as koral”. Watter van hierdie posisies beoog die Ossewabrandwag vir die vrou in sy toekomsstaat?

Die Ossewabrandwag glo aan die organiese volkstaat, wat beteken dat elke volkslid 'n bepaalde plek en taak binne sy volk te vervul het. Verder ook dat die volk saamgestel is uit gesinne wat 'n eenheid vorm en waarvan die man die hoof en verteenwoordiger na buite is. Hiervolgens is dit dus duidelik dat die man en die vrou, as verskillende wesens geskape, ook 'n verskillende taak opgelê is. As verteenwoordiger en hoof van sy gesin beklee die man 'n burgerlike posisie en as middelpunt van haar gesin beklee die vrou 'n huislike posisie. Die taak van die man is om te werk en te veg en selfs dood te maak. Die roeping van die vrou is om te dien, te versorg en die lewe te skenk. **Die taak van die man is nie meerwaardiger as dié van die vrou nie, maar net andersoortig, die twee vul mekaar aan en saam vorm hulle 'n geheel — die gesin.**

Deur die liberalisme is die vrou van haar huis vervreemd en is sy met burgerlike soewereine gesag beklee. Die resultaat was die opbreking van die huisgesin en die versmoring van kinderstemmetjies. Die ewewig van die skepping is daardeur versteur en die vergelding daarvoor is die ontbinding van volke. Hierdie proses van vernietiging wil die Ossewabrandwag weer ongedaan maak met die wekroep aan die vrou: **terug na jou huis! Hou op om 'n karikatuur van die man te wees en gaan word weer vrou en moeder. Jou ere-taak is nie om die man na te aap nie, maar hom te vorm en hom in die wêreld te bring en 'n volk te bou. Daar lê jou volksroeping en jou fewenstaak.**

Soos die Voortrekkernmoeder in haar vlug uit vreemdelingskap onder weg na die eie toekoms saam met die man in die trek- en veglaer moes verkeer, so is die Ossewabrandwag vandag die laer waarin die deur liberalisme vervreemde vrou weer teruggevoer moet word na haar huislike toekoms. Dat sy in die besondere omstandighede van die huidige stryd om vryheid net soos haar moeders voor haar ook 'n buitengewone volkstaak binne die perke van haar vermoë te vervul het, ly geen twyfel nie, maar dit is van verbygaande aard en mag nie die hoofgedagte verdring nie.

Dit is daarom besielend om te merk hoe van die vrou self leiding uitgegaan het binne die Ossewabrandwag om hierdie ideaal verwesenlik te kry. Deur die stigting van vriendskapsentrums waar vroue nie in formele gelid opgestel nie, maar in 'n huislike atmosfeer met mekaar verkeer en al dienende voorligting ontvang, is 'n begin gemaak met die Groot Trek van die vrou uit haar vreemdelingskap na haar eie woning. Hierdie stelsel is reeds verder uitgebrei toe onlangs in Kaapland 'n begin gemaak is met naaldwerkdieners waarvolgens vroue uit 'n bepaalde eenheid in 'n private huis byeenkom en daar onder leiding van die vroue-hoofde op informele wyse diens verrig en sake bespreek. Dit is 'n uitvoering van die dienslaer-bevel, maar op 'n metode wat pas by die aard van die

vrou. Daar is geen nagtelike uithuisigheid na vroue-vergaderings of enige poppekastery nie. Die samekomste word vir die dag gereël en sonder verwaarlosing van hul huislike taak word die vroulikheid bevorder en met kennis en diens verryk.

Na ons mening moet op hierdie grondslag voortgebou word en na mate die omstandighede dit moontlik maak, moet die militêre karakter en formele dissipline wat die vroue tans nog saambind, vervang word deur die band van vroulike liefde en toegewydheid onder leiding van die vroue-hoofde. Laat die huidige organisatiestelsel binne die Ossewabrandwag slegs as 'n oorgangstadium beskou word wat nodig is om die vrou op te voed in die gedagterigting waarvoor die Ossewabrandwag staan en om haar terug te lei na haar eervolle status van vrou en moeder.

Graag ontvang ons gedagtewisseling oor hierdie vraagstuk en vroue wat hul menings wil uitspreek, word versoek om dit te rig aan genle. mev. J. S. du Toit, wat as hoofvrou van Kaapland en senior vroue-offisier op ons versoek ingewillig het om daarmee behulpsaam te wees. Van tyd tot tyd kan dan daarop gereageer word. Aanstaaende week hoop ons om 'n artikel te plaas oor die vraag: **kan die vrou haar volk dien in haar huis?**

### Mev. Pres. Steyn Besoek O.B.-Vriendskapsentrum

'n Besondere eer het die vriendskapsentrum van die O.B.-vroue in Kaapstad verlede Dinsdag te beurt geval toe mev. pres. Steyn daaraan 'n besoek gebring en 'n steek gewerk het in die O.B.-vaandel wat deur die gesamentlike vernuf van die vroue in aansyn geroep word. Die oog van die arend sal die volksmoeder se bydrae op die kunswerk verewig.

Mev. Steyn is deur die offisiere in die vorm van 'n erewag voor die deur van die sentrum ontmoet toe sy in geselskap van haar dogter, genle. mev. dr. J. S. du Toit, aangekom het. Mev. J. H. Conradie, voorsitster van die Vroue-adjunkraad, het op minsame wyse die waardige moeder verwelkom en treffende hulde aan haar gebring vir die voorbeeld wat sy aan die vrou van ons volk gestel het. Mev. Steyn het kortliks bedank, waarna die offisiere (vroue van die Skiereiland en omliggende plekke) aan haar voorgestel is deur asst. veldkornette mev. M. W. Erasmus, wat vrou-op-diens vir die dag in die sentrum was.

'n Stille besieling het van mev. Steyn as een van die hoofskakels van ons grootse verlede tot almal uitgegaan.

### WAKKER VROU OP KIRKWOOD

Mev. M. C. Swart, hoofvrou van die Port Elizabeth se streek, praat met die hoogste lof in haar verslag oor 8 Augustus van die O.B.-eenhede in Port Elizabeth. Die O.B. moes hier onder die moeilikste omstandighede werk en die funksies moes grotendeels in private huise gehou word. Nogtans het die geesdrif en reëlings haar bewondering afgedwing. Veral die vroue van Kirkwood het pragtig gepresteer. Aan mev. Bellingham is 6s. gestuur met die oog op vermeerdering. In die plek daarvan het sy nou £6-7-6 teruggestuur as die vrug van ses vroue se arbeid wat elk 'n sjieling ontvang het. Die name van mev. Wessels wat £2-2-0 verdien het en twee mevv. Grundling wat met koekbak onderskeidelik £1-13-6 en 18s. ingebring het, word genoem.

TULBAGH

Die kommando van Tulbagh het ook 'n pragtige gees geopenbaar en ook hier het die vroue hulle kranig gedra. Een dame het met 2/6 die bedrag van £2-17-0 ingebring en 'n ander £1-14-0 met 1s. Die totale opbrengs vir die klein kommandotjie was £39.

### SAAM MET O.B.-LEDE TEL HER. PARTY 70,000 IN KAAPLAND

Op die kongres van die H.N.P. op De Aar het die sekretaris van die Party, volgens Die Burger van 19 deser, syfers genoem om aan te toon hoe die party gegroei het. Hiervolgens het die party in Kaapland in 1940, d.w.s. 'n paar maande voor dr. Malan die Ossewabrandwag aangeval het, 37,500 lede gehad. Dit is bekend dat die O.B. op daardie tyd meer as 100,000 lede in Kaapland gehad het — en dit was nadat hy eervolle ontslag gegee het aan duisende geïntimideerde ondersteuners. Volgens dr. Malan se eie verklaring is Kaapland die party se sterkste setel, want hier het net 'n „geraamte” van die O.B. oorgebly, terwyl die party in die Vrystaat „ook sterk staan” en „die stryd in Transvaal in beginsel gewen is” — om sy eie woorde te gebruik.

In sy sterkste vesting dus het dr. Malan verlede jaar in naam van 37,500 Afrikaners oorlog verklaar teen 100,000 Afrikaners omdat daardie 100,000 Afrikaners 'n „afwykende groep” sou gewees het!

Ná 'n intensiewe reorganisasie tel die Party se ledetal vandag, volgens adv. Erasmus, 70,000 lede. Onder hierdie 70,000 is nog tienduise O.B.-lede, want die O.B. het nog nooit sy mense beveel om uit die Party te bedank nie, maar intendeel hulle in die verlede aangemoedig om terwille van eenheid nie te bedank nie. Ook die Partyleiding het net ampsdraers wat lede van die O.B. is van hul ampte onthef en gewone O.B.-lede totsover toegelaat om lid te bly.

Dit is die posisie in Kaapland, en dan praat dr. Malan van die „geraamte” en „floue skaduwee” wat van die O.B. oorgebly het! In Transvaal en die Vrystaat sal die party nie eens waag om getalle te noem nie.


### IERSE METODE

Iemand wat homself 'n kapitalis noem het die Kommandant-generaal onlangs die volgende vraag gestel: „Ek is 'n kapitalis, wat gaan jy met my maak as jy aan bewind kom?”

Blitsvinnig het die antwoord gekom: „toemaar, jy sal dan nie meer 'n kapitalis wees nie!”

## Dit Spook!!!

Die Kaapstadse O.B.  
Toneelvereniging stel voor  
Die Spook van  
Verlatenfontein



Ag, Vadertjie help!!  
8 Oktober, om 8.15 n.m.  
HOFMEYRSAAL  
Pryse 2/6, 1/10. Belasting ingesluit.  
Opbrengs ten behoeve van Noodlydendes.  
Plekbespreking: Pienaar se Haarsnysalon  
Grootte Kerk gebou. Foon 31047

# „Ons is Opgeneem in die Toekoms en Het Finaal Gebreek met Verlede”

## Duidelike Uiteensetting deur Prof. Du Plessis

Die verskil tussen die H.N.P. se beleid en dié van die Ossewabrandwag wat strewe na die volkstaat, as ook hul metode ter bereiking van ons ideaal is deur prof. L. J. du Plessis voorverlede Saterdag op Carolina op kernagtige en duidelike wyse geteken.

Hy het die standpunt van die Partyleiding as volg saamgevat:

1. dat die Party homself beskou as die enigste politieke organisasie van die Afrikanerdom;
2. dat hy die republiek wil vestig, nie op enige uitheemse of ander nuwe grondslag nie, maar slegs op die tradisionele Afrikaanse demokrasie;

3. dat hy die samewerking van simpatieke nie-politieke Afrikaanse liggame verwelkom alleen op eersgenoemde twee voorwaardes;

4. dat hy met geen ander politieke organisasie 'n ooreenkoms wil sluit nie;

5. dat hy die republiek wil verkry sonder geweld en sonder om te kies in die wêreldstryd tussen die ideologieë, maar wel op die gewone manier van die stembus met behulp van Engelse Suid-Afrikaners, soldate ens., of anders deur 'n deputasie na die Vredeskonferensie;

6. dat hy in die oorlog slegs neutraal wil bly en met die oog daarop opkommandering sal weerstaan en met niemand in die buiteland twis wil hê nie, nóg met Amerika, nóg met Engeland, nóg met Duitsland.

7. dat hy hom 'n republiek voorstel waarin ook ons volk uitwendig deur die wêreld-revolusie herjong sal wees, waarin hy demokraties vry sal wees, maar met verwerping van die Britse liberalisme sowel as die totalitêre diktatuur en die kommunisme waarin die volkswelvaart beheer sal wees deur 'n sentrale ekonomiese raad en nasionalisering van enkele sleutelbedrywe waarin die vernaamste bevolkingsdele met mekaar verenig sal wees deur Suid-Afrikaanse nasionalisme, tweetaligheid en wedersydse kultuurerkenning.

8. dat hy egter in die begin 'n volmag-regering voorstaan om die republiek eers behoorlik te vestig; en

9. dat hy die O.B. beskou as die doodvyand van sy strewe en daarom 'n beroep op die Afrikanerdom doen om die O.B. en alle versoeningsbewegings te vernietig.

Spreker dink dit is 'n billike weergawe van die party se standpunt maar selfs dr. Malan se buitengewone welsprekendheid sal daarvoor nie gesdrif of offervaardigheid kan wek nie. Dat hy dus die O.B. voorstel as 'n teenstander van hierdie beleid, is nie so erg nie. Spreker het tevore verduidelik dat die samewerking wat daar was, juis deur die Party verbreek is omdat hy die O.B. wou forseer om hierdie standpunt so te aanvaar in stryd met die Bloemfonteinse ooreenkomste wat nie berus op 'n partygrondslag nie, maar op 'n republikeinse volkseenheid. **Die O.B. kan dit nie aanvaar nie omdat hy staan vir die volksbeweging en die volkstaat en nie vir partypoorheersing en 'n bonte massa-staat nie.**

Dat die O.B. hierdie beleid nie aanvaar nie, beteken nie dat hy daarom 'n medestander van genl. Smuts is of dat hy 'n vreemde heerskappy wil invoer nie.

Dr. Malan kan geen bewyse vir hierdie bewerings aanvoer nie, want bewyse vir die een sou bewyse teen die ander beteken. Sy sterkste sogenaamde bewys vir die eerste bewering is dat die O.B. nie vir sy party sal stem nie, dat die O.B. 'n geheime sender met verlof van genl. Smuts na Duitsland gebruik teen die Herenigde Party en dat genl. Smuts die O.B. nie meer vervolg nie. Hierop kan spreker slegs antwoord dat dit alleen dr. Malan se skuld sal wees as die O.B. nie vir die H.P. stem nie. Die bewering van die sender wat genl. Smuts oogluikend sou toelaat, sal niemand glo nie. Wie word deur genl. Smuts se handlangers nog steeds geïnterneer? Is genl. Theron van die O.B.-kommando in Carolina uit vriendskap gevang? Wat die

res van dr. Malan se bewerings en bewyse betref, wonder spreker of hy dit self glo.

### „O.B. BEOOG IETS BETERS”

Die O.B. probeer net om die Party se beleid te hervorm en te verbeter omdat hy vir die Afrikanerdom iets beters beoog as wat die H.P. hom voorhou, iets beters en daarom ook moeiliker. Daarom kan die O.B. nie as politieke party beskou word nie en daarom verwelkom hy dit dat dr. Malan wat self die vorige dag gepraat het van die Van Rensburg-party, die volgende dag sê dat hy weier om die O.B. as politieke party te erken.

Die O.B. mik na die Christelik-republikeinse volkstaat en sy weg daarheen is die volksbeweging. Dit sal 'n staat wees waar die Afrikaner sy eie wese afdruk op sy eie staat sodat hy tuis voel en sy eie heil kan uitwerk en dus ook die heil van sy land, Suid-Afrika, tot eer van God wat daardie bestemming vir ons bepaal het.

Die O.B. wil die Afrikanerdom nou beslis voor die keuse stel tussen die volkstaat en die massa-staat, vir die eerste as die nuwe en nasionale en organies-solidêre en teen die tweede as die oue en kosmopolitiese en meganies-individualistiese. Dit skyn vir spreker die teenstelling te wees waarbinne die huidige wêreldrevolusie op staatkundige gebied voltrek word en waarin ook ons volksaspirasies op eie grondslag tot hul volle verwesenliking voorts kry. Die stryd is teen die massastaat wat gebou is op die meganiese versameling van individue van alle soort sonder innerlike verband behalwe toevallige saamwoning of willekeurige partyverband, die staat wat gevolglik óf verbrokkel tot magtelosheid óf homself handhaaf deur blote geweld — die staat sonder geloof en sonder karakter of vaste bestemming.

Die strewe van die O.B. is die volkstaat, gebou op die vaste grondslag van 'n God-bepaalde, saamgegroeide kultuurskeppende en staatsbouende volkseenheid waarvan die bywonende, ongeassimileerde vreemdelinge afgeskei is en waarbinne die enkelinge organies verbind is in gesinne, kerke, beroepsdiens en volksverband. Dit is hierdie staat waarin almal vir mekaar leef en elkeen vir almal waarna die O.B. streef.

### „SKOONMAAK”

Hierdie volkstaat is die staat waarna ons hele geskiedenis streef, dit is die eindpunt op die Pad van Suid-Afrika. Dit is nog nie verwesenlik nie, altans nie in Suid-Afrika vir die Afrikanerdom as geheel nie. Ons kan dit ook nie sommeer uit die buiteland oorneem nie. Die idee is wel in ander lande in verskillende vorme beliggaam en is die eintlike dryfkrag in ons eie geskiedenis. Ons taak is om dit in Afrikaans-Calvinistiese vorm en moderne gestalte in aansyn te roep. Dit kan alleen deur die volksbeweging gedoen word wat die volk self omvat, en nie deur party-aanhangers nie. Die O.B. wil as volksbeweging Suid-Afrika skoonmaak vir die Afrikanerdom en verwerp die demokratiese mengmoes-ideaal.

As gevra word watter stappe die O.B. gaan doen, antwoord spreker dat 'n leer nie sy krygsplan vooraf openbaar nie. Dit is antwoord genoeg. Daar kan net bygevoeg word dat geen middel versmaai sal word om die doel te bereik nie.

As eerste stap, kan hy egter sê, wil die O.B. alle Afrikaners as volksgenote saamvat en dit kan alleen geskied as finaal afskeid geneem word van die ou partypolitieke verbrokkeling en parlementêre gemodder. Daarvoor is geestelike vernuwing en wedergeboorte van die volk wat

alleen kan kom deur 'n besliste keuse in die ideologiese stryd, noodsaaklik. Daar moet gekies word teen die oue en vir die nuwe.

Dit is geen keuse van vreemde stelsels nie, maar slegs deelname aan 'n nuwe beweging wat oral in verskillende vorme en by ons in eie nasionale lewensbeginsel in wording is. Tog is dit 'n keuse wat deur die Spil-magte op hulle manier reeds verder deurgevoer is as elders in die wêreld en daarom 'n keuse waarby hulle voorbeeld en steun ons ontsaglik kan help.

Dit sal egter beteken dat ons hele volks- en staatsorganisasie volkome herbou moet word en nie net aangelap nie. Dit sal 'n omskepping van die grond af beteken en sal nie sonder bloed en tranes kan plaasvind nie en ook nie sonder geweld nie, van watter kant dit ook al begin sal word.

En in hierdie stryd op lewe en dood sal 'n kragtige eenheidsgesag nodig wees wat deurgaans leiding kan gee, wat oral kan ingryp waar dit nodig is om die ongodelik, volkskadellike en onregmatige uit te skakel hoewel met eerbiediging van die selfstandigheid van volksinstellings wat aan hulle doel beantwoord. Dit beteken geen diktatuur nie omdat dit sal voortkom uit die volksbeweging, versuiwer deur volksdoortuiging. Die O.B.-leiding berus reeds op volksvertroue in eie kring en geen offisier kan sy gesag behou as hy die vertroue van ondergeskiktes verloor nie.

### HINK OP TWEË

Die Party het nog nie gekies tussen die oue en die nuwe nie. Hy hink op twee gedagtes en is dubbelslagtig en halfhartig en daarom sonder inspirasie, oortuiging of dryfkrag. Die Party wil volkseenheid, maar slegs binne een party. Met ander partye of organisasies wil hy geen konneksie hê nie behalwe dié van 'n vernietigingstryd. Hy verlang deelname aan die wêreldrevolusie maar sonder keuse in die ideologiese stryd en sonder geweld of ondermyning van die oue.

Die Party wil nie kies tussen die ideologieë nie, maar verwerp tog by voorbaat die oue sowel as die nuwe. Hy verwerp alles wat uitheems is en tog reken hy op die goedgesindheid van die oorwinnaar. Die Party wil met stemme wen en tog stoot hy alle samewerking af. Hy wil 'n republiek vestig deur 'n volmag-regering en 'n eenpartystelsel, maar wil nogtans eg demokraties handel. Die Party wil die kapitalisme omskep tot 'n sosiale volkseconomie bloot deur 'n sentrale ekonomiese raad in te stel. Hy wil 'n volksbeweging organiseer deur ander volksbewegings te vernietig en 'n volkstaat skep deur die alleenheerskappy van 'n party.

Dit is nie nodig om aan te toon wat 'n reeks van onmoontlikhede hierdie standpunt inhou nie, het prof. Du Plessis verklaar. Hy het gevra of 'n sterker argument aangevoer moet word as dat die O.B. hom inspan om die Afrikanerdom te verenig en te herskep deur die saambring van volksgenote en dan sy volkstaat te verkry uit eie volkskrag. „Kan die party-leiers hierdie stem van die bloed, hulle bloed en ons bloed, nie hoor nie? Bind 'n party-program hulle sterker as hulle Afrikaanse bloed- en lottsgemeenskap?” het hy gevra.

As dit so is, hoort hulle onherroepelik tot die dinge wat verbygaan, tot die ou wêreldorde wat besig is om innee te stort. Dan het hulle geen toekoms nie. Maar die volk se toekoms het God geskep en Hy is besig om dit in hierdie wêreldomwenteling uit te werk. As hierdie nuwe toekoms nuwe ewels sal meebring, soos te verwagte is in 'n sondige wêreld, sal ons vanuit ons christelik-republikeinse Calvinisme hervormend daarop probeer inwerk. Maar in elk geval is ons opgeneem in die toekoms en het ons reeds finaal afskeid geneem van die verlede met sy wel maar veral met sy menigvuldige wee.

105 Takke  
40,000  
Lede

**AVBOB**

Reserwefonds  
£90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN  
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFTEN

# Dr. Malan Trek op Laaste Oomblik Kop Uit In Versoeningspoging

## Verklaring Deur Komitee Uitgereik

„Die drie leiers (van die ander nasionale groepe) het op uitnodiging van die Komitee opgedaag, gereed om dr. Malan te ontmoet. Dr. Malan, egter het op die laaste oomblik beslis geweier om aan die versoek van die Komitee gehoor te gee en sodoende nie alleen die hand van vriendskap van die drie leiers afgewys nie, maar die Komitee se smeking om die saak nie te beskou as 'n eleksie-ooreenkoms nie maar as 'n poging om die broedertwis en swartsmeerdery op platforms en in die pers te staak, geweier.”

Hierdie verklaring word gedoen in die verslag van die Komitee van 21 wat op 17 September probeer het om 'n samespreking te reël tussen die leiers van die nasionaalgesinde Afrikaners met die oog daarop om versoening te bewerkstellig. Die Komitee vertel in sy verslag die hele verhaal van die gebeure en verstrekk ook afskrifte van korrespondensie wat tussen hulle en dr. Malan gewissel is.

In sy verslag wys die Komitee daarop dat maande gelede reeds 'n sterk drang in die omgewing onder die bevolking ontstaan het dat die getwis moet ophou. Verskeie openbare vergaderings is gehou en oral is eenparig besluit om die leiers bymekaar te bring sodat hulle mekaar die hand kon gee en 'n oplossing vir die moeilikhede kon vind. 'n Saamwerk-komitee is saamgestel, bestaande uit verteenwoordigers van die vier nasionaalgesinde groepe.

Hierdie komitee van 21 lede het drie vergaderings gehad en het besluit dat daar net een manier is om samewerking te bewerkstellig.

Die Komitee het besluit om 'n onderhoud tussen die leiers te reël en met daardie onderhoud sou dan deur die Saamwerk-komitee aangedring word „op onmiddellike staking van onderlinge stryd tussen alle mede-Afrikaners en samewerking tussen die vier organisasies, nl. die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, die Nuwe Orde-groep, die Afrikanerparty en die O.B. met die oog op die bestryding by enige verkiesing van die volk se grootste gevaar, nl. die Britse Imperialisme.

„Hierdie Saamwerk-komitee doen aan die hand dat tussen die drie politieke partye ooreengekom word dat die kandidaat op wie die meeste stemme uitgebring word by nominasie by enige verkiesing gesteun sal word deur albei die ander partye en die O.B. om sodoende die splitsing van stemme te voorkom.

„Om toe te sien dat so 'n ooreenkoms stiptelik na die gees uitgevoer word, word 'n kommissie benoem. So 'n kommissie se uitspraak sal in enige verskil finaal wees. Hierdie kommissie sal benoem word deur bogenoemde vier leiers in samewerking met hierdie komitee.”

### BRIEF AAN DR. MALAN

'n Brief met die volgende inhoud is toe aan dr. D. F. Malan en mnr. N. C. Havenga gerig deur die sekretaris, mnr. P. G. Visser:

„Op publieke non-party en non-O.B.-vergaderings verteenwoordigende oor die 3,000 kiesers van die Springs, Pretoria en Groblersdal distrikte, is eenparig besluit dat die leiers van

die Herenigde Nasionale Party, die Afrikanerparty, die Nuwe Orde-groep en die Ossewabrandwag dringend versoek word om bymekaar te kom en tesame met die Kommissie van 21 lede, henoem op bogemelde vergaderings, 'n basis van samewerking te probeer vind, op lyne voorgestel op hierdie vergaderings, of op enige ander aanneemlike lyne.

„Reëlins word getref tot die hou van 'n samekoms van bogenoemde vier leiers en die Kommissie, en sodra hierdie reëlins klaar is sal u in kennis gestel word van die plek en tyd.

„Veral met die oog op die jongste verwikkelinge voel ons dis absoluut noodsaaklik dat samewerking tussen die Afrikaner-elemente bewerkstellig word.

### VERJAARDAGVIERING IN DIE PAARL

Die verjaardag van die Kommandant-generaal (24 Sept.) en assistent-kommandant-generaal J. A. Smith (4 Sept.) word op die aand van 16 Oktober net soos verlede jaar feestelik gevier in die Paarl, wanneer albei die leiers weer in Kaapland sal wees.

'n Groot opkoms word verwag en kommando's van omliggende dele word versoek om, indien hulle in gelid opkom na die byeenkoms, vroegtydig in verbinding te tree met die plaaslike kommandant sodat reëlins getref kan word vir sitplekke, ens.

„Bogemelde Kommissie wil geen publieke vertoon maak nie en bid God van harte om net maar 'n strooitjie te kan bydra tot die bou van ons nasie geheel agter die skerm.”

„Die inhoud van hierdie brief is oor die telefoon aan mnr. Pirow en dr. Van Rensburg meegedeel daar hulle maklik bereikbaar was, en hulle antwoord was dat op hulle samewerking gereken kon word,” lui die verslag verder.

„Aan dr. Malan was die volgende paragraaf bygevoeg: „U word nou baie dringend en baie vriendelik versoek om so spoedig moontlik 'n datum te bepaal, as dit kan te Pretoria, waarop ons u kan ontmoet. Ons sal dan reëlins tref met die ander drie leiers om ook teenwoordig te wees.”

„Hierop het dr. Malan o.m. geantwoord dat hy, nog onlangs te Johannesburg en Pretoria, sowel as in 'n voorafgaande verklaring oor die „Kaalkop”-beweging, daarop klem gelê het dat die herstel van ons Afrikanereenheid alleen te

vind is in 'n terugkeer tot die basis van 3 Junie verlede jaar ens.’ en „dat dit onder omstandighede skyn nutteloos te wees om 'n vergadering te belê soos u my versoek om te doen.”

„Met hierdie antwoord was die Saamwerk-komitee nie tevrede nie daar hulle in hulle siel oortuig was dat samewerking noodsaaklik en moontlik is, as die leiers net mekaar wou en kon ontmoet. Daarna het die komitee sy sekretaris op 24 Augustus opdrag gegee om dr. Malan weer te nader met die versoek om die samespreking by te woon op 12 September in Pretoria.”

Aldus die verslag.

Daarop het dr. Malan geantwoord dat dit vir hom nie moontlik sal wees op daardie datum nie, met die oog op die kongres, maar dat dit miskien op die 17de kan plaasvind. „Onder omstandighede kan ek u nou alleen vra om u weer in verbinding met my te stel wanneer ek in Pretoria sal wees,” aldus dr. Malan in sy brief.

„Nou het u die feit voor u,” verklaar die Komitee aan die einde van die verslag, „en al wat ons hierop kan antwoord, IS DAT DIE VERKLARING VAN DR. MALAN OP DIE KONGRES HOEGENAAMD NIE STROOK MET WAT PLAASGEVIND HET NIE. Hy het gesê dat wedersyds aangeneem is dat die eerste voorstel van die baan is en dat hy die afgevaardigdes en nie dr. Van Rensburg, adv. Pirow en mnr. Havenga sal ontmoet nie. Mnr. Visser se brief loënstraf hierdie verklaring daar hy uitdruklik verwys na vorige briefwisseling in die saak.

„Die feit dat dr. Malan dadelik sy toevlug tot die kongres vir publisiteit geneem het, nietaenstaande die voorsitter van die Komitee se versekering dat net feite en die waarheid bekend gestel sal word, versterk glad nie sy posisie nie. Hy het gesê dat hy die verklaring doen omdat daar verklaringe in verband met die voorval in vyandige blaaië sal verskyn. Dit sou so voorgestel word dat die drie leiers feitlik met die hoed in die hand hier was om hom te spreek en dat hy geweier het.

„Hier het hy dit juis mis. Die vyandige blaaië kon hulle informasie net van hom of van die Komitee kry en hier is die Komitee se verslag.”

Die Komitee voeg by dat met leedwese gemerk is dat dr. Malan se private sekretaris sou gesê het dat die Komitee 'n samespreking sou gehad het met mnr. Pirow, mnr. Havenga en dr. Van Rensburg voordat hulle dr. Malan gespreek het, omdat niks verder van die waarheid kan wees nie. „Hierdie here het saam met die Komitee gewag op dr. Malan, maar tevergeefs. Niks was ooit bespreek voor dr. Malan die Komitee alleen ontmoet het nie.”

Die verslag is onderteken deur mnr. P. G. Visser, sekretaris van die Saamwerk-komitee.

(Ons merk dat Die Burger en ander party-blaaië ten einde hul leier se weiering effens te regverdig probeer voorgee dat die voorgestelde samespreking nie sou strook met die O.B.-leiding se beleid nie, en dat dr. Van Rensburg dus gehuigel het. Eersgenoemde blad haal aan uit 'n artikel wat in Die O.B. van 8 Julie verskyn het waarin ons ons uitgespreek het teen eenheidsooreenkomste „langs die weg van formules en kontrakte”. Dit is ons negatiewe stelling — waarby ons nog staan — maar die blad verswyg die paragraaf waarin ons net onmiddellik na hierdie sin ons positiewe beleid beskryf, naamlik: „Die Ossewabrandwag se beleid is dus dat die stryd aan weerskante gestaak word, en dat elke organisasie sy kragte inwerp ooreenkomstig sy wese en aard tot verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal.”

Is dit nie presies wat die Saamwerk-komitee beoog het nie? Die komitee het staking van die onderlinge stryd verwag en verder slegs 'n verkiesingsooreenkoms tussen die politieke partye, „ooreenkomstig hul wese en aard” dus, want die O.B. stel tog immers geen kandidate nie, soos herhaaldelik beklemtoon.—Red. Die O.B.)

# UNIEWINKELS

(KOOPERATIEF) BEPERK

GEREGISTREER ONDER WET NR. 28 VAN 1922

TAKKE op  
Vereeniging  
Kaapstad  
Benoni  
Johannesburg

Posbus 909  
PRETORIA

## U EIE!

- ⊙ Die nuutste modes vir die man en vrou.
- ⊙ Die gees wat by ons heers is 'n Boeregees
- ⊙ Ons teer nie op sentiment nie, maar is bekend vir: Waarde, Diens en Hoflikheid.

SKRYF AAN ONS!

ONDERSTEUN ONS  
ADVERTEERDERS

# Stemme uit die Verlede Waarsku Teen Euwels van Partypolitiek

Nie alle Afrikaners het die partystelsel na die Vryheidsoorlog sonder protes van Engeland aanvaar nie. In 1911 waarsku Knop in De Volkstem, destyds orgaan van die Afrikaanderdom, teen hierdie vreemde stelsel en verklaar:

„Die partypolitiek wat ons teenswoordig voer, die verligte Engelse stelsel van partypolitiek, van georganiseerde partye, besture en „caucusse" het 'n neiging om 'n ordinaire Knop soos ik, wat nie beroeps politikus wil word nie, sy belangstelling in die sake van die land te ontneem . . . Kyk, nie dat ik ook maar één man in die wereld wil vies maak vir die stelsel nie, maar ik reken dis gekheid om maar ons oge te sluit vir die gevolge van ons teenswoordige manier van doen . . . Die uiteinde van die stelsel is ook dat 'n mens twee of meer klompes kape het met die wagters wat 't bestier. Die wagters denk vir hulle, jaag hulle in die kraal, en — hulle spring net uit om getel te worde. Een van die jammerlikste gevolge daarvan is ook die ontwikkeling van die beroeps politikus, die sogenaamde „koffer-kêrel" wat van die politiek syn nering maak, g'n ander belange in die wereld besit als om in die Volksraad te kom en daar dan heeldag 'n reeks van slimpraatjies te verkoop. Daar is al een of twee van die soort in, en heelparty het lelik gespoek om in te kom . . . Nee, als 'n mens seker was van syn Napoleon, dan sou 'n alleenheerskappy nog altemit verkiesliker wees."

Ons kan net byvoeg dat die twee beroeps politici van 1911 intussen vermenigvuldig het tot 'n ganse leërskaare.

In 'n beëdigde verklaring oor die Rebelle tydens die verhoor van sekere Rebelle het J. H. Schoeman verklaar dat hy aan geen party behoort nie omdat hy „getrou wil bly aan sy oortuiging". Sy werk is „Die Ander Kant van die Rebelle" wat in 1915 uitgegee is, sluit hy met die volgende versugting na die partylose staat van die toekoms af: „Alles trilt van pyn — die pyn van die wagtende moeder. Die wereld wag. Afrika wag. Die grysaard bid en ween en wag. Die kind wag. Wie wag nie? . . . vir die oomblik wanneer sedelike moed en geestelike oortuiging die spinnerakke van die diplomatiek wat suig aan die slyk van goud en guns, sal wegveeg; vir die oomblik wanneer die imperialisme van die Gees die Imperialisme van die goudgod sal vervang; vir die oomblik wat nog 'n stukkjie van Gods skeppingsplan sal ontwikkel sien."

Is daardie „stukkjie van Gods skeppingsplan" miskien die organiese gesagstaat van die Ossewabrandwag?

## GROOTMENSE SE BESLUIT!

Ons neem die volgende paar reëls terwille van die vermaaklikheid daarvan oor uit Die Transvaler se verslag van die Transvaalse H.N.P.-kongres: „Komdt. T. MacDonald het 'n mosie voorgestel wat lui dat die kongres protesteer teen die uitsending van valse inligting oor toestande in die Unie na die buiteland deur geheime senders wat waarskynlik deur die Regering toegelaat word. Ons vra die Regering om die geheime senders op te spoor en uit te delg. Die mosie is aangeneem."

Ons kan die protesterende kongresgangers se aandag net daarby bepaal dat die Regering beslis nie by die O.B. sal aandrang om in plaas van „valse inligting" juiste inligting te verskaf aan die buiteland nie, want dan sal die buiteland ook juiste inligting oor skepe kry waar daar tans, volgens afspraak, net „valse inligting" aan hom verstrekk word.

Die Regering sal waarskynlik net so geredelik na hierdie „protes" van sy „erkende opposisie" luister as wat hy na die „Republiek-mosie" in die Volksraad aan die begin van die jaar geluister het.

## SPLINTER OF BALK?

Adv. Swart het hom op Ventersburg as volg uitgelaat oor die voorstel dat daar met die oog op 'n verkiesing 'n ooreenkoms tussen die opposisiepartye gesluit moet word: „Ons is nie bereid om 'n skynsamewerking te hê nie, nl. om setels vir die of daardie te waarborg of te besorg nie. Wat sou dit ons baat om die mense setels by die verkiesing te waarborg en dan gaan hulle ná die verkiesing maar weer voort met hul verbrokkelende werk? Die tweede dwaling sal erger wees as die eerste."

Miskien sal adv. Swart nou ook begryp waarom mense „nie bereid is om setels te waarborg of te besorg" aan H.N.P.-lede wat mede-Afrikaners beveg nie, want ná die verkiesing gaan hulle tog maar weer voort met hul verbrokkelende werk.

## JONG PENKOPPE SE OFFERS

Die volgende briefie van 6-jarige Ria Jamneek van die Vlakte-kommando, Bainsvlei, Bloemfontein, het ons bereik saam met 9/-:

„Ek voel so jammer vir die baie ou kindertjies wat se pappies in die kampe en tronke sit, en toe het ek vir my Mammie iets gevra om ook by te sit vir hulle. Sy het my toe 1/- gegee, en eendag toe my Pappie 'n jukskeimiddag gegee het, het ek goed gekoop en my Mammie het my gehelp om sop te kook, en toe het ek die sop verkoop aan die mans wat kom jukskei speel het. Daarmee het ek toe darem 9/- gemaak. Nou stuur ek die 9/- vir die Noodhulp-fonds, ek hoop om in die toekoms weer iets te doen om geldjies in te kry daarvoor. Want ek voel tog te jammer vir baie van my ou maatjies wat nie meer hulle pappies by hulle het nie."

Vyfjarige Marina van Zyl van Doornkloof, Moorreesburg, het 4/- tot die fonds bygedra wat sy ingesamel het deur haar maatjies uit te nooi om te kom swem en hulle dan een pennie toegang te vra.

## „INSPAN"

Die September-nommer van *Inspan*, amptelike orgaan van die Reddingsdaadbond en die F.A.K., staan in die teken van die groot jaarlikse insameling vir die Reddingsdaadfonds en bevat behalwe die oproepe van verskillende trustees ook die oorspronklike oproep van vader Kestell by geleentheid van die Ossewatrek in 1938. Daarbenewens verskyn ook 'n paar leerame artikels in verband met die Afrikaner se stryd tot redding. Die adres van die redaksie is posbus 7714, Johannesburg.

## „KAKIE-ELEKSIE" MOET GLO REPUBLIEK BRING

„Dit sal 'n kakie-eleksie wees, met kieserslyste in Kaapland spesiaal vol gepak met die name van duisende anders ongekwalifiseerde kleurlingsoldate, en bowendien nog sal dit gevoer word onder die skrikbewind van noodregulasies, van interneringskampe, van tronke en van kakieridders," het dr. Malan op sy kongres in Pretoria die onmoontlikheid onderstreep vir die volk om sy republiek by die stembus te verkry. Omdat hy self die onmoontlikheid besef, wil hy liever die verkiesing gebruik as propaganda-stof om mede-republikeine wat net so oor die stembus se onmag dink, te beveg al moet hy daarmee „'n paar setels verloor" in die woorde van mnr. Eric Louw.

## GENERAALS GEÏNTERNEER

Genl. C. J. Hansen van Suidoos-Transvaal en genl. J. J. Theron van Oos-Transvaal, is deur die Smutsbewind voorverlede week geïnterneer.

Berig is ontvang dat hoofgenl. John Vorster van Port Elizabeth verlede week in hegtenis geneem is, waarskynlik met die oog op internering. Dit is die vierde hoë offisier van die Ossewabrandwag wat in die afgelope paar weke gevange geneem is.

## PARTYLEIER SLUIT AAN BY OSSEWABRANDWAG

Mnr. J. C. Buys, L.U.K., onderleier van die H.N.P. in die Vrystaat, het aangekondig dat hy as lid van die party bedank het en nou sy gewig by die Ossewabrandwag inwerp omdat dit die enigste organisasie is wat die Afrikaanderdom kan verenig. Mnr. Buys het verklaar dat hy sat is vir die partygetwis.

## SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Termes uiters billik.

Raadpleeg SASBANK

|             |              |
|-------------|--------------|
| PAARL:—     | Posbus 266.  |
| WORCESTER:— | Posbus 57.   |
| KAAPSTAD:—  | Posbus 2387. |

## MARKAGENTS KAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik,  
weekliks, maandeliks of soos  
verlang.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eleenaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

## O.B. Almanak vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 9d. POSVRY

6/- PER DOSYN

O.B. MUSIEKBUNDELS

2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.

Bestel van

O.B.-HOOFKWARTIER,

Voortrekkergebou 403,  
JOHANNESBURG, TVL.

PAUL ROUX SE VIERING

Die Witteberge en die dameskommando Paul Roux het Fondsdag op die plaas Welgevonden naby Paul Roux gevier, waar o.a. ook teenwoordig was genl. en komdt. Du Toit en hoofkomdt. Rautenbach. 'n Kenmerk van die funksie was die groot aantal handgemaakte artikels wat te koop aangebied is, soos draadvurke, blikbakers, broodborde, koekrollers, lepels, lapieskomberse, ens.

Die hoogtepunt is bereik toe die klein kakebeenwaentjie getrek deur Penkoppe op die terrein aangekom het. 'n Penkop-dogter in wit Voortrekkergevaad en 'n seun het agter geloop met 'n wakissie om die offers op te neem. Die kissie is tydens die Rebelle in die tronk gemaak deur wyle genl. Lukas Rautenbach, vader van komdt. mev. A. M. M. Griesel.

Die bedrag van £72 is ingesamel, en vol moed kon die Brandwagte weer huiswaarts keer.

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

|                                                | £      | s. | d.   |
|------------------------------------------------|--------|----|------|
| Reeds erken                                    | 4,263  | 3  | 8    |
| Vroue-Kommando Aliwal-Noord                    |        | 3  | 18 9 |
| Mnr. Spies, Worcester                          |        | 10 | 0    |
| Werkgeselskap Stellenbosch, Maandelikse Bydrae | 1      | 5  | 0    |
| Offergeld Vroue-Kommando Stellenbosch          | 13     | 9  | 10   |
| Lyste Nos. 560, 561, 562, 563 en 564           |        |    |      |
| Colesberg                                      | 14     | 9  | 6    |
| Bokveld Vroue-Kommando Nieuwoudtville          | 1      | 7  | 6    |
|                                                | £4,298 | 4  | 3    |

TRANSVAAL TOT 5 SEPTEMBER.

|                          | £      | s. | d.   |
|--------------------------|--------|----|------|
| Reeds erken              | 8,113  | 10 | 4    |
| Kwitansie No. 520 Bydrag |        | 5  | 0 0  |
| " 521 Kommando 13A5      |        | 1  | 19 5 |
| " 522 Kommando 1B3       |        | 13 | 8 6  |
| " 523 Kommando 1B1       |        | 7  | 5 0  |
| " 524 Kommando 1B2       |        | 15 | 19 0 |
| " 525 Kommando 2A6       |        | 4  | 11 0 |
| " 526 Kommando 13C5      |        | 3  | 2 0  |
| " 527 Kommando 8C5       |        | 15 | 15 6 |
| " 528 Kommando 11C5      |        | 1  | 13 0 |
| " 529 Kommando 8B5       |        | 5  | 3 9  |
| " 530 Kommando 4C1       |        | 5  | 1 0  |
| " 531 Kommando 4C1       |        | 6  | 18 6 |
| " 532 Kommando 4C5       |        | 9  | 7 6  |
| " 533 Kommando 13B6      |        | 20 | 15 3 |
| " 534 Kommando 3A3       |        | 4  | 2 6  |
| " 535 Kommando 2C3       |        | 19 | 14 5 |
| " 536 Kommando 2C5       |        | 13 | 0 3  |
| " 537 Kommando 2C6       |        | 5  | 11 3 |
| " 538 Kommando 3C1       |        | 2  | 9 6  |
| " 539 Kommando 5B4       |        | 1  | 18 0 |
| " 540 Kommando 11C2      |        | 2  | 10 0 |
| " 541 Kommando 10B2      |        | 28 | 0 0  |
| " 542 Kommando 10C       |        | 15 | 12 9 |
| " 543 Kommando 13B4      |        | 6  | 3 0  |
| " 544 Kommando 3C5       |        | 10 | 17 8 |
| " 545 Kommando 9B6       |        | 2  | 7 0  |
| " 546 Kommando 12        |        | 2  | 0 0  |
| " 547 Kommando 12A6      |        | 6  | 10 8 |
| " 548 Jeugfront          |        | 1  | 15 0 |
| " 549 Noodhulppliga      |        | 2  | 15 0 |
| " 550 Kommando 2C        |        | 3  | 0 6  |
| " 551 Kommando 7C6       |        | 18 | 2 6  |
| " 552 Kommando 3C2       |        | 15 | 14 0 |
| " 553 Kommando 3A6       |        | 1  | 9 0  |
| " 554 Bydrag             |        | 1  | 18 0 |
| " 555 Kommando 4A2       |        | 5  | 0 0  |
| " 556 Bydrag             |        | 2  | 0 0  |
| " 557 Kommando 14C4      |        | 2  | 12 3 |
| " 558 Bydrag             |        | 2  | 1 0  |
|                          | £8,406 | 11 | 8    |

VRYSTAAT TOT 31 AUGUSTUS.

|                                                | £      | s. | d.   |
|------------------------------------------------|--------|----|------|
| Deeds erken                                    | 3,564  | 10 | 10   |
| Bloemfontein-Generaalskap                      |        | 31 | 15 0 |
| Kommando 1B2                                   |        | 18 | 0    |
| " 1C1                                          |        | 12 | 6    |
| " 2A2 (Jeugfront)                              |        | 8  | 10 9 |
| " 2A7                                          |        | 3  | 0 0  |
| " 2C6                                          |        | 7  | 0 0  |
| " 3B1                                          |        | 5  | 3 0  |
| " 3C2                                          |        | 3  | 10 0 |
| " 3C3 en 3C7                                   |        | 3  | 7 6  |
| " 3C7                                          |        | 2  | 18 9 |
| " 3C8                                          |        | 8  | 9 6  |
| " 5A3 en 5A5                                   |        | 10 | 12 0 |
| " 5A6                                          |        | 3  | 12 6 |
| " 5C2                                          |        | 6  | 0    |
| " 5D2                                          |        | 10 | 0 0  |
| " 5D6                                          |        | 13 | 14 8 |
| " 6A2                                          |        | 8  | 12 6 |
| " 6B1 en 6B8                                   |        | 32 | 8 7  |
| " 7A3                                          |        | 1  | 14 0 |
| " 7B2                                          |        | 1  | 10 0 |
| " 7B4                                          |        | 15 | 0    |
| " 7B6                                          |        | 3  | 0 0  |
| " 7B6 (Jeugfront)                              |        | 15 | 0    |
| " 7C2 en 7C7                                   |        | 5  | 2 6  |
| " 7C8                                          |        | 3  | 0 0  |
| " 9A1                                          |        | 1  | 0 0  |
| " 9A7                                          |        | 3  | 0 0  |
| " 9A6                                          |        | 1  | 0 0  |
| " 9C6                                          |        | 40 | 15 0 |
| " 9C7                                          |        | 4  | 0 0  |
| " 9D1 (Jeugfront)                              |        | 16 | 0 0  |
| " 9D6                                          |        | 1  | 0 0  |
| " 11B1                                         |        | 2  | 7 6  |
| " 11C1                                         |        | 6  | 2 8  |
| " 11C8                                         |        | 10 | 0    |
| " 11D3                                         |        | 2  | 0 0  |
| Spoorweg-Dames-Kommando                        | 39     | 6  | 1    |
| Mnr. A. C. S. Nel, Sperville, oor Bloemfontein | 5      | 12 | 8    |
| Mnr. Hermanus Claassen Bothaville              | 1      | 0  | 0    |
| Hoofkwartier staf                              | 1      | 1  | 6    |
| Vriend, Bloemfontein                           | 1      | 0  | 0    |
| Vriend, Bloemfontein                           | 5      | 0  | 0    |
| Twee vriende, Bloemfontein                     | 12     | 6  |      |
|                                                | £3,861 | 9  | 2    |

OOM PAUL EN DIE DEMOKRASIE

deur

DR. J. ALBERT COETZEE.

Die veelbesproke boekie, waaraan „DIE TRANS-VALER" in hierdie tyd van papierskaarste 'N AANVAL van 2¼ kolom bestee het.

Prys 1/9 posvry.

Voorrade byna uitverkoop.

BESTEL DADELK BY DIE SKRYWER:

POSBUS 233 - - - - - JOHANNESBURG.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE

Posbus 660, JOHANNESBURG.

DAHLIAS: „Sonskyn Versameling" 11/- vir 6; 21/- per dosyn. „Sonstraat Uitdaag Versameling" 21/- vir 6.

KRISANTE: Reusagtige Vertoonsoorte fraaiste kleure. 15/6 en 17/6 per dosyn.

PERGRAS: Spesiale Tipe 21/- per sak.

Palms, Heiningbome, Sierbome. Roosplante vir Januarie plantings. KATALOGUS GRATIS.

SPOORBONDKAS BEPERK 8

VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal

„B"-AANDELE

5% kumulatiewe voorkeuraandeel

teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.

Stuur navraagvorm onmiddellik.

Navraagvorm.

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk, Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,

Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandeel.

Die uwe,

Volle naam .....

Adres .....

W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

Fabrikante van . . .

Kelder en Besproeiings

Masjienerie,

Sleepwaens,

Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoet.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

Ons ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, KAAPSTAD.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

VAN DRUTEN. — Met blydschap van die Heer ontvang op 17 Sept. 1942, op De Aar, 'n fris Brandwagseun. Naas die Heer ons hartlike dank aan dokter en suster. Sy dankbare ouers, Komdt. en mev. J. C. van Druten, Aartfontein, Victoria-Wes.

DE WAAL-ROSSOUW. — 'n Seun gebore aan mnr. en mevr. De Waal-Rossouw van Piketberg, in die Piketbergse Verpleeginrigting, op die 21ste September. Moeder en seun wel.

VERLOWING

HERMEE wens ons tweekies, Olive Heunis, van Knysna en Vivian van Rensburg van George aan ons O.B.-vriende(inne) bekend te maak dat ons op 12/9/42 verloof geraak het.

DOODBERIG

KLEYN. — Hoe treurig toe ons moes verneem van die skielike dood van ons geliefde broer, Phillie Kleyn, D.F.M., in die ouderdom van 26 jaar, in 'n luggeveg bo ANTANARIVO en ter aarde gestel te Magoaga, Madagaskar. Diep betreur deur sy broer en suster Henry en Johanna. Hillside, Caledon.

HANEKOM. — Onverwags oorlede op Vrydag, 14 Augustus, in die Hospitaal, Kakamas, my dierbare Eggenote, Martha Magdalena Barandina Hanekom, (gebore Grobler) in die ouderdom van 30 jaar. Haar heengaan word diep betreur deur haar beproefde Eggenoot, A. P. Hanekom, Boomplaats, Keimoes.

VAN JAARSVELD. — Op 21 Augustus is ons dierbare eggenoot en vader, Albertus Stephanus, verhuis na sy Vaderland, in die ouderdom van 76 jaar 4 maande en 12 dae. Ons gun hom die rus. Ons dank al die vriende vir hul deelneming, briewe, kranse en telegramme. Oorledene was die vader van Komdt. J. J. van Jaarsveld.

Soveel leed saam gely,  
Soveel soet saam gesmaak,  
Blinkende berge saam beklum,  
en donker nagte saam deurwaak.

Die bedroefde eggenote Johanna, Maria en kinders.

BENODIG

ONMIDDELLIK benodig 'n sukses persoon om 'n Trekker te bestuur. Ondervinding nie nodig. Doen aansoek by: Kriel se Garage, Rawsonville.

TE KOOP

BEPROEFDE jong Suffolk-Ram geteel van ingevoerde Stamboek ouers. Gewig byna 200 lb., teen £7-10-0 te koop by: P. S. Bredell, Eendevotvlei, Helderberg, Firgrovestasie.

TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaane-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. BUDMANSE EDENVALE KWEKERIE, EDENVALE NATAL.

AARTAPPELMOERE

GESERTIFISEERDE Aartappelmoere. Green Mountain. Eerste agter kissie Groot £1-5-0 en moere £1-7-6 per sak van 153 lbs. V.O.S. Bonnievale stasie. Terme kontant of K.B.A. J. C. Jonker, Posbus 0, Bonnievale.

WYN

5 GELLING Muskadel Jeripigo £1-7-6, Anker £2. 5 gelling soet Muskadel £1-5-0. Anker £1-15-0. 5 gelling Worcester Hoek of soet Sjerrie £1-1-3, Anker £1-10-6. Beste kwaliteit gewaargborg. Kontant of K.B.A. Pryse sluit nie vaattjies in nie, wat binne 30 dae teruggestuur moet word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

PATATRANKE TE KOOP

PATATRANKE van die beste gehalte word u aangebied teen 4/6 vir 83 lbs. 6-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. 3-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. borrie ranke, K.M.B. S. P. GERBER, P/S. Serpentina, Dist. George.

SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Al 4/6, No. 1 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond. Gelaat Soutpan, Martie Venter, Possak Arbeidsleem, BLOEMFONTEIN.

KERSFEES-KISSIES

Bespreek dadelik u Kersfeesbestelling

KISSIE No. 5, ses bottels wyn en ses ou Brandewyn vir 46/6. Ryloon is betaal na enige Uniestasie. Stuur die kissie en bottels terug en u kry 4/- terug.

Kontant met bestelling of K.O.A.

Vra vir ons Pryslys.

BRINK BROERS BPK, MONTAGU.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Ramer 016, Groot Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.